

# Kategeet werkblad: 22 Mei 2011

---

## Teksgedeelte:

Matt. 5:21-26

## Agtergrond:

Die groep wat Jesus begin volg het, het hulleself onderskei van die res van die samelewing. Hulle het hulle eie ouderlinge gehad en het dus nie soos die ander mense na die stadspoorte toe gegaan om daar by die ou-wyses regspraak te kry nie. Die Joodse Raad het natuurlik vir Jesus vervolg en moes ook onderskei word van die navolgers van Jesus. Die helse vuur waarna die teks verwys, verwys na die Gidondal wat 'n ashoop was, daar het die mense wat uit die samelewing uitgestoot is (soos moeilikheid makers, melaatses, ens.) gebly. Ons sien dus hoe die gevolge om van die groep afgesny te wees intensiever. Dit is dieselfde as jy van die groep afgesny was en in die tronk beland oor jy nie jou skuld kan betaal nie. Wie gaan dan vir jou sorg as jou familie of groep nie vir jou kos bring nie, vir die navolgers van Jesus (wat al meer 'n marginale groep geword het) het hulle beskerming by mekaar gelê. Hulle moes die identiteit dra van mense wat versoenend optree, dat hulle uit respek vir God met mekaar sou versoen.

## Verwagte uitkoms:

As gelowiges (en al is ons nie meer 'n marginale of vervolgte groep nie) moet ons ook versoenend optree. Ons bou mense se selfrespek op. Ons is lojaal teenoor mekaar omdat ons aan God lojaal is. Ons respek vir God maak dat ons mekaar ook respekteer.

## Aksie:

Ernst Strydom gaan met die kinders kom praat oor vingerafdrukke:

- Ons vingerafdrukke is uniek, niemand anders se vingerafdrukke lyk soos joune nie
- Daar word gewoonlik vingerafdrukke geneem by 'n misdaad toneel sodat die skuldige persone uitgeken kan word
- As mense los ons orals vingerafdrukke deur aan iets te raak
- Ons kan sê dat mense in die manier hoe hulle mekaar hanteer ook vingerafdrukke op mekaar los:
  - Ons kan hard druk en mekaar seermaak
  - Of ons kan sag druk en mekaar met respek hanteer
- As kinders van God wil ons hê dat die vingerafdrukke wat ons los vir mense iets moet sê van God, ons wil vir mense wys wie God is
- Die kinders word uitgenooi om met mekaar en ander versoenend op te tree, om aan mense te wys hoe die vingerafdrukke wat God op ons geplaas het maak dat ons ook sulke vingerafdrukke wil nalaat

Daarna gaan elke kind 'n duimafdruk op 'n papier maak om hom/haar te herinner van die vingerafdrukke wat ons op mense se lewens los.

## Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

## Diamant vrae:

- By watter gemeenskappe (plekke) het vir die mense van wie ons in Matt. 5:21-26 lees gewys dat hulle verder van mekaar af sal wegbeweeg? (gaan lees weer die Teks) [die wyses by die stadspoorte, die Joodse Raad, die ashoop buite die stad, die tronk]
- By watter verskillende plekke is jy orals betrokke? [kerk, gesin, skool, sport]

## Hart vrae:

- Hoe dink jy het dit vir die mense gevoel wat gekies het om nie meer deel van die groep te wees wat Jesus gevolg het nie?
- Hoe voel dit vir jou wanneer jy met vriende van jou gestry het?
- Hoe dink jy voel jou vriend as jy met hom/haar gestry het en gesê het dat jy nie meer vriende wil wees nie?
- Hoe voel dit vir jou om deel van jou huisgesin te wees?

## Skoppens vrae:

- Hoe voel dit vir jou om deel van die kerk te wees? Wat beteken dit om deel van die kerk te wees?
- Hoe het jou deel-wees van die kerk 'n invloed op die ander plekke waar jy betrokke is? (Watter verskil maak dit aan die ander mense dat jy 'n kind van God is?)
- Watter tipe vingerafdrukke behoort mense wat lief is vir God op ander mense te laat?


## Klawers vraag:

- Hoe dink jy gaan dit begin lyk by die plekke waar jy betrokke is (skool, gesin, sportveld) as die vingerafdrukke wat jy op mense gaan laat vir hulle wys van God se liefde en versoening?
- Wat is die dinge wat ons kan doen om vingerafdrukke te wys wat God verteenwoordig? Kom ons droom bietjie saam: **[dit kan goed wees om by die huis ook bietjie oor hierdie vrae na te dink]**
  - Hoe gaan dit lyk as almal wat mooi kan sing van hulle tyd gee om mense te bemoedig en op te beur met hulle sang?
  - Watter effek gaan dit op mense hê wanneer mense met mekaar vriendelik en genadig is eerder as om mekaar sleg te sê en mekaar te verneder/kleiner?
  - Wat kan jou huisgesin doen om aan mense te wys hoe ons respek vir God het en daarom ander met respek te hanteer?

*Mattheus 5:21-26 herinner my dat ek vir mense wys wie God is.*

*Die manier hoe ek teenoor mense optree is soos vingerafdrukke  
wat ek op mense se lewens los.*

*Daarom kies ek om vingerafdrukke op mense se  
lewens te los wat hulle sal herinner aan God se  
liefde en genade.*



*Mattheus 5:21-26 herinner my dat ek vir mense wys wie God is.*

*Die manier hoe ek teenoor mense optree is soos vingerafdrukke  
wat ek op mense se lewens los.*

*Daarom kies ek om vingerafdrukke op mense se  
lewens te los wat hulle sal herinner aan God se  
liefde en genade.*



*Mattheus 5:21-26 herinner my dat ek vir mense wys wie God is.*

*Die manier hoe ek teenoor mense optree is soos vingerafdrukke  
wat ek op mense se lewens los.*

*Daarom kies ek om vingerafdrukke op mense se  
lewens te los wat hulle sal herinner aan God se  
liefde en genade.*

